19. Jeug en Onderwys

19.1 AANVULLENDE RAPPORT KATKISASIE DEPUTATE

1. Uitvoering van die opdrag

Die Deputate rapporteer aanvullend soos volg:

1.1 Die Deputate het begin met die samestelling van ‘n handleiding vir hoërskoolkinders waarin hulle oor ‘n aantal jare begelei word in die samestelling van ‘n geestelike portefeulje. Alle belangrike sake in die jongmense se geloofsgroei sowel as sy/haar dienswerk,word hierin aangespreek. Hierdie handleiding gaan egter nog tyd neem om te voltooi.

1.2 Die Deputate benodig kundige lidmate wat hulle behulpsaam kan wees in die vertaling/verwerking van kategese handleidings in Tswana en Sesotho. Pogings om geskikte lidmate vir hierdie doel te kry, was nie geslaagd nie.

1.3 Die Deputate het ook begin om die gids oor verbondsonderrig deur ouers in ‘n kursusformaat te verwerk sodat gemeentes dit meer doeltreffend kan gebruik.

Rapporteur: